Predikante Pensioenfonds

PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR :1 van 2019

AAN : ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS

PENSIOENFONDSBYDRAES

Op 1 Maart 2018, is groot veranderings aangebring toe leraars se pensioengewende salarisse gebruik is as basis van berekening vir kostes en sterftevoordele. Inligtingsessies om die veranderinge te verduidelik, is in die groot sentra gehou en sigblaaie ten opsigte van elke predikant is uitgestuur om die impak hiervan te verduidelik.
Die meeste leraars/werkgewers het dit korrek implementeer sodat hul sterftevoordele naastenby dieselfde was, of meer, en het ook selfs meer gespaar vir aftrede.
Enkele werkgewers het, na ons mening, die wysigings verkeerd vertolk en daarom is daar aan hierdie gemeentes weer ‘n sigblad gestuur om die probleme uit te wys. Waar daar byvoorbeeld ‘n verkeerde bydraekategorie gebruik is (wat tydelik reggestel kon word deur gebruik te maak van addisionele vrywillige bydraes), kan werkgewers/leraars dit nou regstel met die Maart 2019 betaallopie. Onthou, slegs in Maart van elke jaar kan die bydraekategorie verhoog of verlaag word.

Die veelvoud van voordele bly dieselfde soos vir 2018. Dit is soos volg:

Tipe voordeel	Voordeel betaalbaar
Sterftevoordeel binne Fonds (“goedgekeurde” voordeel en wat belasbaar is by uitbetaling)	4 x Pensioengewende salaris
Ongeskiktheidsinkomste	75% van Pensioengewende salaris
Groeplewensversekering (“nie-goedgekeurde” voordeel en wat belastingvry uitbetaal)	4 x Pensioengewende salaris
Gadeversekering	1 x Pensioengewende salaris
Enkelbedrag ongeskiktheidsversekering	3 x Pensioengewende salaris

Die premies vir bogenoemde voordele is soos volg: (teenoor 2018 se premies):

Voordeel	Premies soos op 1 Maart 2018	Nuwe premies miv 1 Maart 2019 (Persentasie van pensioengewende salaris)
Groeplewensversekering (begrotingsitem)	1,335%	1,335% Werkgewer betaal 50% en lid betaal 50%
Gadeversekering (begrotingsitem)	0,180%	0,180% Lid betaal ten volle
Enkelbedrag ongeskiktheid (begrotingsitem)	0,542%	0,542% Werkgewer betaal ten volle
Ongeskiktheidsinkomste (nie begrotingsitem nie)	1,230%	1,230%
Sterftevoordeel binne die Fonds (nie begrotingsitem nie)	*1,690%	*1,690%

Pretoriusstraat 1200 Hatfield, 0083
Posbus 13528, Hatfield, 0028
E-pos : theo@pensioene.co.za;
Tel : 012 342 0415
‘n Deelnemende Fonds aan die Sanlam Sambreelfonds

* Hierdie persentasie word soos volg opgemaak: 1,581% (vir die sterftevoordeel) + 0,109% (vir die opvoedingsvoordeel) = 1,690%. Sommiges van u wat vertroud is met die inligting op die web, sou hierdie reeds laasjaar opgemerk het. Waar daar ‘n begrotingsitem aangedui word, beteken dit u moet die geld saam met die bydraes oorbetaal.

Bydraekategorieë vanaf 1 Maart 2019 vir werkgewers en werknemers (bly onveranderd):

	Bydraekategorie						
	1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**
Werknemer-bydrae	4,2%	5%	6,1%	7%	7,5%	7,5%	7,5%
Werkgewer-bydrae	9,3%	10%	11,4%	13%	15%	17,5%	20%
Totale bydrae	13,5%	15%	17,5%	20%	22,5%	25%	27,5%

LET ASSEBLIEF DAAROP dat al die maandelikse bydraes en/of premies agteruit betaalbaar is, dit wil sê die verhoogde bydraes en/of premies is betaalbaar einde Maart, geldig vanaf 1 Maart. Dit is baie belangrik om daarop te let dat die bydraes laastens teen die 7de van die maand wat volg op die maand waarvoor die premies betaalbaar is, inbetaal moet wees. Die Pensioenfondswet vereis dit. Indien dit na die datum inbetaal word, sal daar rente op die laat betaling van die bydraes gehef word teen ‘n rentekoers soos bepaal deur die Wet.

Alle gemeentes/leraars het die keuse om miv 1 Maart 2019 hul pakkette te struktureer, gegewe enige verhogings volgens die jongste vergoedingsriglyne. Hierdie riglyne is by u sinode beskikbaar.

Die Fonds se operasionele koste

Omdat hierdie kantoor baie navrae kry oor die administrasie, konsultasie en ander kostes verbonde aan die bedryf van die Fonds (soos dit op die *retirementfundweb* beskikbaar is) gee ek graag hierdie koste ook aan u. Hierdie kostes word volgens wet van die werkgewer se bydraes afgetrek en sal u merk dat ook hier, geen verhogings is nie. (Hierdie is nie ‘n begrotingsitem nie):

Komponent	Premie/koste vir 2018	Premie/koste vir 2019
Sanlam Administrasie	0,1816%	0,1816%
Konsultasie	0,1362%	0,1362%
Gebeurlikheidsreserwe rekening heffing (“CRA levy”)	R3,00 per lid per maand	R3,00 per lid per maand

Daar is ook koste aan die beleggingsbestuur verbonde maar dit word verhaal van die opbrengs. Daarom word opbrengste deurgegee as netto van kostes. Die verwagting is dat hierdie koste in 2020 sal styg.

Korrektheid van data en begunstigde benoemingsvorms

Saakgelastigdes/skribas by gemeentes wat gelas is met die oorbetaling van maandelikse bydraes en premies op die web, moet asseblief verseker dat hul leraars se persoonlike besonderhede op die web korrek is aangesien hulle by magte is om dit te verander. Dit is krities belangrik dat leraars se selfoonnommers en e-posadresse op die web aangebring word aangesien dit in die toekoms ‘n belangrike manier gaan wees om elektronies, direk met leraars te kommunikeer. Daar kan ook miv Oktober 2018, begunstigde benoemingsvorms direk op die web gelaai word, maar dan moet die leraar self dit doen nadat hy/sy op die web geregistreer is. Dit sou tog raadsaam wees om steeds ‘n

harde kopie van hierdie vorm by u kantoor op leêr te hou. (Indien u navrae oor die web het, skakel gerus die webspan by 0861 223 646).

Beleggingsopbrengs

Lede wat reeds op die web geregistreer is en hul fondswaardes noukeurig dophou, sou in baie gevalle met teleurstelling gemerk het dat hul fondswaardes, ten spyte van goeie bydraes, nie na wense presteer het nie. Die *Accumulation Portfolio* waarin die meeste lede wat onder 60 is belê is, het byvoorbeeld vir ‘n twaalf maande tydperk tot einde November 2018, ‘n baie swak -7,8% presteer. Lede wat egter nader aan aftrede is en in die meer konserwatiewe portefeulje belê is, is gelukkig beter daaraan toe. Die *Lifestage Capital Protection Preservation Portfolio* het byvoorbeeld ‘n uitstekende 8,1% vir die twaalf maande tot einde November 2018 presteer.

Jonger lede se fondswaardes het dus verminder terwyl ouer lede se kapitaal beskerm was en steeds groei gekry het. Gelukkig het jonger lede ‘n langer beleggingshorison en kan beslis weer opmaak vir die verliese as markte positief draai.

Die Bestuurskomitee van die Predikante Pensioenfonds is steeds gemaklik dat die lewenssiklusmodel van beleggings die beste uitkomste vir lede op die langer termyn bied. Ons vertrou dat 2019 ‘n beter jaar vir beleggingsopbrengste sal wees. (Die Desember 2018 data was nie beskikbaar met die opstel van hierdie skrywe nie).

Die Kantoor

Let asseblief daarop dat die pensioenfondskantoor gehuisves word by die Algemene Sinode se kantore te Hatfield, Pretoria. Mnr Theo Smith beman die kantoor en is steeds beskikbaar vir alle navrae rakende die pensioenfonds.

Vriendelike groete

(Geteken)
TP SMITH
KANTOORBESTUURDER